Onvoorwaardelike steun

Aan steun vir die Jesus Projek ontbreek dit nie. Daarvoor is ons baie dankbaar. Hier is 'n paar van die ander skrywes wat ons ontvang het.

Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland

SKRIBA SINODALE KOMMISSIE

Ds EGJ de G Schutte
E-pos: *skriba@ngkok.org*

Jakarandastraat 21. Posbus 132
CRADOCK 5880
Telefoon/Faks: **(048) 8815177**
Sel: **082-6592480**

Verwysing : S02/1209

15.12.2002

Ds Jannie Pelser
JESUS PROJEK
Posbus 977
RANT EN DAL
1751

Beste broer Jannie

MISBRUIK VAN DIE HERE SE NAAM IN DIE MEDIA

1. Die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie van die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland het op sy jongste vergadering sy misnoeë rondom die misbruik van die Naam van Here in die media uitgespreek. Nie alleen druis sodanige misbruik in teen die Wet en Wil van God nie, maar bevorder dit ook die verval van Christelike waardes in 'n land waarvan verreweg die grootste meerderheid van die burgers Jesus Christus as Enigste Verlosser en Here bely.

2. Voorts het die Dagbestuur sy ongekwalifiseerde steun aan die JESUS PROJEK toegesê, en die 106 gemeentes van die Kerk in Oos-Kaapland versoek om daarin mee te werk.

3. Mag die Here u in u organisering en dienswerk seën.

Kersgroete

Hansie Schutte

The Baptist Union of Southern Africa

44 Blende Avenue, Roodekrans, Roodepoort, 1724
Private Bag X45, Wilropark, 1731
Tel : 011 768-5980 Fax : 011 768-5983
E-mail : busa@icon.co.za
: bapunion@telkomsa.net

EQUIP 2005
577L/AS/law

11 March 2003

The Jesus Project
P O Box 977
RANT EN DAL
1751

TO WHOM IT MAY CONCERN

Re: Misuse of God's name in the Media.

As Baptists we fully support the initiative protesting against the misuse of God's name in the media.

The Word of God is very clear that **HIS** name should never be taken in vain.

We therefore support the idea that a particular classification (e.g. "B" or "D") be applied to films etc., in which God's name is blasphemed.

Yours for His name sake

REV A. SCHEEPERS
GENERAL SECRETARY

President : Rev. N. J. Coertze Vice-President : Rev. Dr. J. G. Venter General Secretary : Rev. A. Scheep

Media

Onder die talle media berigte wat sedert ons laaste koerant verskyn het is daar hierdie twee

D gaan wys God se naam is in fliek

ELIZE SMITH
Johannesburg

Ster-Kinekor en NuMetro is bereid om met 'n bykomende simbool by hul flieks aan te dui dat 'n rolprent mense om godsdienstige redes aanstoot kan gee.

Dit kom nadat die Jesus-projek, wat gekant is teen die gebruik van die Here se naam in rolprente, met die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika (UKK), die Rolprent-en-publikasieraad, die SABC en die rolprentteaters begin onderhandel het oor hul besware.

Die projek is deur talle Christene ondersteun deur beswaarskrifte te onderteken en plakkate te versprei om hul misnoeë uit te spreek met die ydellike gebruik van God se naam in rolprente.

Ds. Jannie Pelser, organiseerder, het aan Rapport gesê die twee teatergroepe het ná verskeie onderhandelings ingestem om 'n "D" by hul fliekadvertensies te voeg om aan te dui dat die gebruik van die Here se naam aanstoot kan gee.

"Die eerste prys sou natuurlik gewees het dat álle media, rolprente en televisieprogramme glad nie dié naam misbruik nie. Dit is egter 'n onrealistiese verwagting.

"Daarom is ons tevrede met die tweede prys dat ons binne afsienbare tyd darem ingelig sal word as 'n fliek die Here se eer skend." Die D-simbool, wat vir *divinity* (godheid) staan, sal 'n aanduiding wees van alle verwysings na God en ook na Allah of Mohammed, en op dié manier sensitiewe kykers beskerm.

Mnr. Ferdi Gazendam, uitvoerende hoof van Ster-Kinekor, sê dit is miskien nog te vroeg om verwagtings by die publiek te skep.

"Ons voel positief oor die onderhandeling met die Jesus-projek en is bereid om hulle tegemoet te kom.

"So iets verg egter ingewikkelde logistiek en dit kan maande duur om dit aan die gang te kry. Ons reik 285 flieks per jaar uit wat geklassifiseer sal moet word."

Pelser sê die projek het reeds 'n gerespekteerde senior resensent aangewys vir dié taak.

"Ons is baie dankbaar oor die twee teatergroepe se goeie reaksie op ons versoek en sal hulle bystaan waar ons kan om dit in 'n realistiese tyd in werking te stel."

Dat die UKK, die Rolprent-en-publikasieraad en die SABC nog nie met dié versoek akkoord wil gaan nie, is vir hulle teleurstellend. "Ons gee beslis nie moed op nie en glo dat dié instansies ons uiteindelik goedgesind sal wees."

Wanneer dié simbool verskyn, sal dit sover Pelser weet die eerste keer ter wêreld wees.

Rapport 23 Februarie 2003

Veldtog takel SAUK oor godslastering

Neels Jackson

Kerklui beplan 'n vier maande lange veldtog teen die SAUK om die uitsaaier sover te kry om iets te doen aan die misbruik van God se naam in televisieprogramme.

Ds. Jannie Pelser, koördineerder van die Jesus-veldtog, sê hulle het 'n beginselooreenkoms aangegaan met die rolprentmaatskappye Ster-Kinekor en Nu Metro, maar by die SAUK loop hulle hul in 'n muur vas.

Die rolprentmaatskappye het ingestem dat die simbool D gebruik sal word om flieks waarin God se naam misbruik word aan te dui.

Daar word nog gepraat oor die toepassing van dié besluit.

As hulle dieselfde ooreenkoms met die SAUK kon bereik, sou die Jesus-veldtog tevrede wees. Dan kan mense ten minste ingeligte besluite neem oor waarna hulle wil kyk en waarna nie.

Die SAUK hou volgens Pelser egter vol dat geen godslasterlike programme uitgesaai word nie.

Pelser vertel egter dat hy onlangs een Sondagaand saam met sy kinders na die program *My family* wou kyk. Binne 'n halfuur is God se naam ses keer misbruik, sonder enige waarskuwing aan die kyker.

Die veldtog wat nou beplan word, begin in Mei met 'n massa-optrede van e-pos en fakse wat die SAUK se infrastruktuur kan verlam. Dit sal ondersteun word met 'n gebedsaksie.

Dit kan in Julie opgevolg word met 'n verbruikersboikot van ondernemings wat adverteer tydens programme waarin God se naam misbruik word. In Augustus kan 'n nasionale optrede volg waarvan Pelser nog nie besonderhede bekend wil maak nie.

Hy hoop die saak sal nie so ver vorder nie en dat 'n ooreenkoms vroeër met die SAUK aangegaan kan word.

■ **njackson@beeld.com**

Beeld